Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Druk hierdie artikel

Nood gesien en toe gróéi kosprojek

2012-04-17 21:48

Neels Jackson

'n Gesin wat in 'n motorhuis gewoon het en net twee eiers gehad het om te eet, het die NG gemeente Benoni aangespoor om 'n kosprojek van R310 000 per jaar te begin wat honderde mense help.

Dié verhaal is gister op die NG Kerk se Hoëveldsinode voorgehou as voorbeeld van hoe God gemeentes stuur om 'n verskil te maak in die wêreld.

Dit sluit aan by 'n visie vir die NG Kerk op die Hoëveld wat dr. Neels du Randt aan die sinode voorgehou het. Du Randt, wat herverkies is as moderator, het gesê dat die kerk soos 'n fontein moet wees waaruit water vloei wat lewe bring.

Ds. Christo Nel van Benoni het in 'n video-opname wat aan die sinode voorgespeel is, vertel dat hy een dag by dié arm gesin gekom het en besef het hulle het onmiddellik kos nodig.

Uit R260 wat die gemeente toe beskikbaar gehad het vir noodhulp, het hulle die gesin gehelp.

Hulle het egter dadelik besef daar is groter nood.

Nou help hulle al meer as 100 lidmate gereeld met kospakkies en het 'n weeklikse sopkombuis waarby 120 mense elke Woensdagaand kos kry.

Dit bly ook nie net by kos nie. Hulle het verskeie mense al van daar af gehelp om van die strate af te kom, werk te kry en vir hulself te sorg. Een so iemand, mnr. Dawid van Vuuren, het in die video vertel dat hy liefde en 'n tuiste gevind het by die kerk.

Die sinode het ook gehoor hoe 'n kerk in Swaziland sterftes onder mense met vigs drasties laat daal het deur 'n stelsel van tuisversorging.

Ds. Arnau van Wyngaard van die Swaziland Reformed Church het vertel dat hulle al sowat 800 mense van 31 gemeenskappe opgelei het om mense met vigs tuis te versorg.

In 2008 het 35% van die mense wat so versorg is, gesterf. Teen 2011 het dié syfer afgekom tot 14,8%.

Van Wyngaard het gesê dit gebeur omdat hulle die stigmas oor vigs deurbreek het, mense sover kry om hulle te laat toets vir die MI-virus en antiretrovirale middels te gebruik.

Hy het kerke genooi om hulle te besoek om blootstelling aan dié soort bediening te kry.